



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

200 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

AFDELING A**VRAAG 1.1**

1.1.1	A	B	~~C~~	D
1.1.2	A	B	~~C~~	D
1.1.3	A	~~B~~	C	D
1.1.4	A	~~B~~	C	D
1.1.5	A	~~B~~	C	D
1.1.6	A	~~B~~	C	D
1.1.7	A	B	C	~~D~~
1.1.8	~~A~~	B	C	D
1.1.9	A	B	~~C~~	D
1.1.10	~~A~~	B	C	D

(10 × 2 punte) = 20 punte

VRAAG 1.2

1.2.1	J
1.2.2	I
1.2.3	L
1.2.4	D
1.2.5	B
1.2.6	H
1.2.7	F
1.2.8	A
1.2.9	G
1.2.10	E

(10 × 2 punte) = 20 punte

VRAAG 1.3

1.3.1	Aanbod
1.3.2	Bedryfs-/swewende kapitaal
1.3.3	Kontoere
1.3.4	Waterhouvermoë/watervermoë
1.3.5	Ekstensiewe boerdery
1.3.6	Omset / inkomste
1.3.7	Uitvoerbemaking/uitvoer
1.3.8	Depresiasie
1.3.9	Sakeplan
1.3.10	Agri-toerisme

(10 × 1 punt) = 10 punte

50 punte

AFDELING B**VRAAG 2 PLAASBEPLANNING****2.1 DRIE faktore wat die tipe tegnologie bepaal wat vir 'n plaas benodig word.**

- Inkomstepotensiaal van die boerdery-onderneming – hoëinkomsteplase kan die aankoop van duur tegnologie ondersteun
- Aard van die boerderystelsel – intensiewe of hoë-insetstelsels verg meer gevorderde tegnologie
- Skaal van die boerderystelsel – grootskaalse boerderystelsels verg meer masjinerie en tegnologie
- Prys van die produk by die mark – hoëwaarde-produkte verg gewoonlik meer tegnologie vir hul produksie [Enige 3]

(3)

2.2 Tipes boere en die boerderystelsels.

	BOER A	BOER B
Doel van boerdery-onderneming	Kommersiële gewasproduksie/uitvoerbemarking	Bestaansveeproduksie
Rede	Verskaf aan uitvoermarkte/Produkte word bemark (inkomste)	Verskaf slegs aan die huishouding/Lewende hawe word nie verkoop nie
Vlak van intensiteit van boerderystelsel	Semi-intensief Intensief	Ekstensiewe stelsel
Rede	Steun gedeeltelik op besproeiing	Wei in veld/Minimale bykomende voer word gegee

(8)

2.3 VIER maniere waarop organiese kunsmis tot die fisiese verbetering van die grond kan bydra.

- Verhoogde grondtemperatuur
- Absorbeer meer water/beter waterinfiltrasie
- Verbeter die waterhouvermoë van die grond
- Bind die gronddeeltjies in los krummels – verbeter grondstruktuur
- Maak belugting moontlik
- Skei kleideeltjies en voorkom dat hulle aan mekaar kleef
- Verskaf voedsel vir mikroörganismes – meer mikroörganismes
- Verhoog bewerkbaarheid van die grond
- Verhoogde grondvrugbaarheid

[Enige 4]

(4)

2.4 VYF vrae om te oorweeg wanneer 'n geskikte onderneming gekies word.

- Wat is natuurlike hulpbronne/veldtipe/klimaat/water – watter nuwe onderneming sal hulle ondersteun?
- Wat is markte/mededinging vir nuwe ondernemings – watter produkte is in aanvraag?
- Watter produksiehulpbronne is beskikbaar – kan hulle deur die nuwe onderneming benut word?
- Wat is die plaas se dravermoë – watter tipe nuwe onderneming kan die plaas ondersteun?
- Wat is die beskikbare kapitaal/insetkoste/aanvanklike koste – hoe sal dit die winsgewendheid van die plaas beïnvloed?

- Wat is die grootte van grond/plaas – watter tipe onderneming kan die plaas ondersteun?
- Watter arbeid is beskikbaar en wat is hul vaardigheidsvlak?
- Kennis/vaardighede van onderneming/persoonlike voorkeure?
- Ondersteuningsdienste beskikbaar/infrastruktuur/uitbreidingsdienste?
- Botsende belange/sinchronisasie tussen ondernemings? [Enige 5] (5)

2.5 **Tipe tydelike arbeid verteenwoordig.**

- Cindy – persoon wat spitstye/oestye gedurende die jaar werk
- Patrick – persoon word vir spesifieke take op 'n plaas gebruik en verlaat dan die plaas (2)

2.6 2.6.1 **Intensiewe boerderystelsel wat beskryf word.**

- Presisieboerdery (1)

2.6.2 **VIER tegnologiese hulpmiddels gebruik.**

- Globale posisioneringstelsel (GPS)
- Geografiese inligtingstelsel (GIS)
- Afstandbespeuring
- Aanboordrekenaar/-verwerker (4)

2.6.3 **VIER voordele van die gebruik van die tegnologiese hulpmiddels.**

- Dui presiese plantligging binne een meter aan
- Toon waar grond op die land klam is
- Toon waar grond geërodeer is
- Toon faktore in die grond wat gewasgroei beperk
- Toon waar gewasgroei floreer en waar nie
- Reguleer outomaties die toediening van die presiese hoeveelheid kunsmis en plaagdoders waar hulle nodig is
- Kan insetkoste/arbeidsbehoefte verminder/kan meer ekonomies/winsgewend wees
- Verminder die risiko van besoedeling van die omgewing deur misbruik van landbouchemikalieë/bespeuring van peste en siektes
- Meer akkurate opbrengsvoorspellings/vereenvoudig beplanning/beter beheer
- Meer akkurate bepaling van insette soos saad, plantvoedingstowwe
- Hoër/optimale opbrengs [Enige 4] (4)

2.7 2.7.1 **VIER kenmerke wat gebruik kan word om natuurlike weivelde te klassifiseer.**

- Smaaklikheid – suurheid van die grond
- Topografie – vlaktes of berge
- Posisie teen helling – kruin of laagliggende weivelde
- Toestande van plantegroei met betrekking tot klimaat
- Rehabilitasievermoë
- Groeistadium
- Lengte van gras
- Volume van weivelde
- Verteerbaarheid
- Voedingswaarde

- Weerstand teen ontblaring
 - Tempo van hergroei
 - Tipe – winter- en somerplante (soet- of suurveld)
 - Botaniese samestelling – plantspesies
- [Enige 4] (4)

2.7.2 DRIE redes vir die verdeling van weivelde in kampe.

- Vir rotasiebeweiding
 - Om oorbeweiding te voorkom
 - Om voorsiening te maak vir die rus en herstel van die veld
 - Vir goeie bestuur van die boerderystelsel
 - Om voorsiening te maak vir verdeling van lewende hawe
 - Vir herwinning van geërodeerde gebiede
 - Om gebiede met giftige plante uit te sluit
 - Om hoërisiko-gebiede/parasiete/ongediertes uit te sluit
 - Om homogene veldtipes te groepeer
 - Sit beweiding opsy vir tye van tekorte
- [Enige 3] (3)

2.7.3 DRIE maniere om die probleem van deurdrenking op te los.

- Maak waterweë oop
 - Pas pypdreineerstelsels toe
 - Pas klipdreineerstelsels toe
 - Plant gewasse wat in deurdrenkte toestande kan groei
 - Minimaliseer/verwyder die bronne van deurdrenkte toestande
 - Korrekte verbouingsmetodes
- [Enige 3] (3)

2.8 2.8.1 Verduideliking van die effek van temperatuur op groei.

Minimum temperatuur – min tot geen groei kom onder hierdie temperatuur voor. Te koud vir plantegroei.

Optimale temperatuur – maksimum plantegroei kom voor, beste temperatuur vir groei.

Maksimum temperatuur – min tot geen groei bokant hierdie temperatuur. Te warm vir plantegroei. (3)

2.8.2 Uit die grafiek:

- (a) 30 mm/dag $\pm$ 1mm
- (b) 19 °C en 24 °C (3)

2.8.3 DRIE maniere om sulke hoë temperature te beheer.

- Deklaag
 - Lei nat
 - Grondbedekking
 - Bedek met plastiek/organiese materiaal
 - Verneweling
 - Blasers of waaiers
 - Lugversorgers
 - Verf die dekmateriaal
- [Enige 3] (3)

[50]

VRAAG 3 ENTREPRENEURSKAP, OPTEKENING, BEMARKING EN BESIGHEIDSBEPLANNING

3.1 3.1.1 VIER alternatiewe betaalmetodes.

- Kontant
- Debietkaart
- Kredietkaart
- Posorders
- Elektroniese oordrag
- Direkte deposito
- Ruilhandel
- Tjek

[Enige 4] (4)

3.1.2 Data wat op brondokumente weerspieël moet word.

- Bedrag
- Datum
- Beskrywing van artikel of aankoop
- Maatskappynaam
- Betaalmetode
- Koper of verkoper info

[Enige 4] (4)

3.2 SES redes om plaasrekords te hou.

- Bewyse vir SAID
- Help met finansiëlebestuursbesluite
- Beheer van arbeid
- Help met hulpbronbestuursbesluite
- Help met fisiese plaasbestuursbesluite
- Voorsien as aanvullende sekuriteit vir banklening
- Bepaal die waarde van bates
- Fisiese beplanning van die plaas
- Monitor vordering in onderneming
- Opstel van 'n begroting
- Handhaaf waarborge

[Enige 6] (6)

3.3 Tabel wat die elemente van 'n begroting toon met voorbeelde

ELEMENT VAN BEGROTING	BESKRYWING	VOORBEELD
Hulpbronne	Beskikbare hulpbronne wat vir die boerdery-onderneming gebruik sal word	Grond, kapitaal, water, arbeid, plantegroei
Insette	Al die uitgawes van die boerdery-onderneming	Arbeid, meganisasie, materiaal, biologiese insette, finansiële insette
Parameters	Al die onbekendes van die produksieproses	Pryse, toepassing op insette, opbrengs, tyd van insette of uitsette

(6)

- 3.4 3.4.1 **Verduideliking van kontantvloei.**
- Die beweging van fondse deur die onderneming gedurende 'n spesifieke tydperk.
 - Voorgestel deur ontvangste en betalings (2)
- 3.4.2 **TWEE hooffaktore verantwoordelik vir 'n negatiewe kontantvloei.**
- Onvoorsiene uitgawes of ongelukke
 - Laer produksie
 - Laer markpryse as wat verwag is
 - Natuurramp of droogte
 - Niebetalings
 - Diefstal
 - Begroting nie ordentlik gedoen [Enige 2] (2)
- 3.5 3.5.1 **Hoofdoel van die balansstaat.**
- Om die finansiële gesondheidstoestand van die onderneming te bepaal (2)
- 3.5.2 **Voorbeeld van 'n vastebate-item.**
- Grond
 - Geboue
 - Heining
 - Boorgat [Enige 1] (1)
- 3.5.3 **Beskrywing van bedryfsbate met 'n voorbeeld.**
- Bates wat binne 'n enkele produksiejaar/-seisoen en vir handelsdoeleindes gebruik word
 - Kunsmis, saad (2)
- 3.5.4 **Definisie vir die netto waarde van 'n boerdery-onderneming.**
- Totale plaasbates MINUS totale plaaslaste (2)
- 3.5.5 **Berekening van die netto waarde van hierdie boerdery-onderneming.**
- Totale bates R803 000 – Totale laste R630 000
= Netto waarde R173 000 (3)

3.6 Staat van inkomste en uitgawes vir hierdie boer

DATUM	INKOMSTE	WAARDE (R)	DATUM	UITGAWES	WAARDE (R)
28/12/13	Verkoop van produkte	42 600		Produksie	97 000
10/02/14	Verkoop van produkte	74 450		Bemarking	3 500
10/05/14	Verkoop van produkte	63 500			
TOTAAL		180 550			100 500
BRUTO WINS = R180 550 – R100 500 = R80 050					

(8)

3.7 DRIE kenmerke van 'n entrepreneur.

- Begin eie onderneming
- Visionêr/kreatief
- Suksesvol
- Kan sakegeleentheid herken
- Goeie bestuursvaardighede
- Ondersoekende vaardighede
- Stel nuwe / unieke produkte bekend
- Het markvereistes nagekom

[Enige 3] (3)

3.8 3.8.1 Die tipe onderneming (regsentiteit).

Moet die tipe regsentiteit waaronder die onderneming geregistreer sal word, beskryf, d.w.s.

- Alleenhandelaar/alleeneienaarskap of gedeelde eienaarskap/vennootskap/koöperasie

NB Nie wat geproduseer of verkoop is nie

[Enige 1] (1)

3.8.2 Die finansiële plan van die onderneming.

Moet die finansiële aspekte van die onderneming beskryf, byvoorbeeld:

- Inkomste en uitgawes
- Verwagte wins
- Kontantvloei

[Enige 2] (2)

3.8.3 Die bemarkingstrategie vir die onderneming.

Moet beskryf hoe die produkte bemark sal word en aan wie, d.w.s.

- Teikenmark
- Marknavorsing
- Verkoopsmetodes
- Reklamestrategie

[Enige 2] (2)

[50]

VRAAG 4 OES, VERWERKING EN BESTUUR

4.1 Daar is twee metodes om 'n gewas te oes, naamlik met die hand en met 'n masjien.

4.1.1 **Faktore wat beïnvloed of daar met die hand of 'n masjien geoes word.**

- Besikbaarheid van masjinerie – kan dit gehuur of gekoop word
- Besikbaarheid van geskoolde arbeid – om met masjinerie te werk
- Tipe gewas wat geoes word – bepaal oesmetode wat verlang word
- Arbeidskoste – vergeleke met koste om met masjien te oes
- Koste van oesmasjiene – kan goedkoper of duurder as oes met die hand wees
- Volume van produk wat geoes word – oes met die hand is beperk tot klein volumes van produk
- Gebied waarin produk geoes word – sekere gebiede kan te steil of te nat wees vir oes met 'n masjien


(4)

4.1.2 **VIER nadele daarvan om met die hand te oes.**

- Tydbenutting – oes met die hand is stadiger/meer tydrowend
- Die oppervlakte gedek – 'n kleiner oppervlakte kan gedek word vanweë fisieke en tydsbeperkings
- Arbeidsbenutting – meer arbeid word benodig om 'n sekere oppervlakte te oes
- Gehalte van die oesproduk – die geoeste produk kan van 'n laer gehalte wees en daar is 'n groter risiko van gekontameneerde produkte

(4)

4.2 4.2.1 **Grafiek wat die aanvraag-en-aanbod-skedule voorstel**



Puntetoekenning:

- Opskrif
- Benoeming en waarde van x-as en y-as
- Legende/benoeming van grafieke
- Korrekte aanbodgrafiek
- Korrekte vraaggrafiek

(5)

4.2.2 **Prys van die produk by die markewewigspunt.**

- R16/kg

(1)

- 4.2.3 **Moontlike redes vir die tekort van die produk in die mark.**
- Verbruikers koop meer wanneer prys laag is
 - Boere verskaf/bemark minder van 'n gewas wanneer prys laag is
 - Politieke onstabiliteit/politieke faktore
 - Sosio-ekonomiese faktore
 - Natuurrampe/hael/oorstromings/droogte
 - Seisoenale opbrengste [Enige 2] (2)
- 4.2.4 **Twee strategieë wat 'n boer kan gebruik om produktekorte te hanteer.**
- Wysig plant- of oestye – om genoeg te verskaf gedurende tydperke van onderaanbod
 - Verwerk produkte – om rakkere te verleng sodat hulle verkoop kan word gedurende tydperke van onderaanbod (4)
- 4.3 4.3.1 **DRIE omgewingsfaktore wat in 'n silo beheer word.**
- Temperatuur
 - Vog / Humiditeit
 - Lug
 - Lig [Enige 3] (3)
- 4.3.2 **TWEE organismes of diere wat oesprodukte kan beskadig.**
- Insekplae, kalanders/wurms
 - Knaagdier/rotte/muis
 - Lewende hawe/bokke/skape/beeste/pluimvee/varke [Enige 2] (2)
- 4.4 4.4.1 **DRIE redes vir die bewaring van 'n landbouproduk.**
- Beveilig voedsel teen bederf en verkisting (Nie toegevoegde waarde)
 - Voedselsekuriteit/produksie van voedsel op groot skaal vir verspreiding aan groot bevolking
 - Konstante voorsiening van voedsel aan mark gedurende die jaar
 - Maak toegang tot sekere voedseltipes in nieproduserende gebiede moontlik [Enige 3] (3)
- 4.4.2 **VIER metodes om landbouprodukte te bewaar.**
- Aanwending van hitte – sterilisasie/pasteurisasie/blansjering
 - Verkoeling/bevriesing van produk
 - Vakuumverpakking
 - Bestraling
 - Filtrasie
 - Souting
 - Beroking
 - Chemiese preserveermiddels
 - Droging
 - Byvoeging van suiker [Enige 4] (4)
- 4.5 **VIER maniere waarop produsenteorganisasies boere in Suid-Afrika help.**
- Onderhandel met banke vir krediet namens boere
 - Organiseer insette en beding afslag namens boere
 - Organiseer markte vir boere
 - Verskaf tegniese/wetenskaplike advies aan boere
 - Gee markinligting
 - Adverteer en bevorder landbouprodukte [Enige 4] (4)

4.6 4.6.1 **VYF maniere om plaaswerkers aan te moedig om produktiwiteit te verhoog.**

- Beter werkomstandighede
- Beter vergoeding
- Verhoog motivering
- Toesig of gedeelde toesig
- Beloon goeie prestasie
- Beter lewensomstandighede (insluitend 'n skool vir kinders)
- Gee hulle meer verantwoordelikhede
- Maak hulle aandeelhouers/medebevoordeeldes
- Opleiding/vaardigheidsontwikkeling
- Doeltreffende meganisasie
- Billike taaktoewysing
- Blootstelling aan ontspanningsaktiwiteite
- Promosies
- Kos of etes verniet

[Enige 5] (5)

4.6.2 **VIER arbeidsprobleme wat deur die landboubedryf ondervind word.**

- Skaarste aan arbeiders – vanweë verstedeliking, swak vergoeding of seisoenale/onbestendige arbeidsvraag
- Mededinging van nywerhede – veroorsaak 'n tekort aan geskoolde plaasarbeid
- Gebrek aan opleiding – baie boere identifiseer nie vaardigheidstekorte nie en gee nie hieraan aandag nie
- Swak arbeidsbestuur – swak toesig en kommunikasie
- Vakbondaktiwiteite – kan die werkplek ontwig en spanning tussen arbeid en boere veroorsaak
- Minimum loonvereistes – sekere boere het arbeidsbehoefte verminder vanweë verhoogde arbeidskoste
- Ongeskoolde arbeid – baie arbeiders het beperkte boerderyvaardighede
- Geletterdheidsvlakke – baie arbeiders het lae geletterdheidsvlakke wat werkvoordring en verdienvermoë beperk
- Diefstal
- Grondeise
- Behuising
- Swak motivering of gewilligheid om te werk

[Enige 4] (4)

4.7 **VYF noodsaaklike items op etikette van verpakte landbouprodukte.**

- Naam van die plaas
- Naam van die produk
- Hoeveelheid van produk
- Verpakkingsdatum/vervaldatum
- Waarskuwing oor moontlike allergene
- Bestanddele in produkverwerking gebruik
- Preserveermiddels gebruik
- Voedingswaarde
- Produsent se kontakligting
- Land van oorsprong

[Enige 5] (5)
[50]

150 punte

Totaal: 200 punte